

## NEDERLANDSE TAALVERWERWING VIR SUID-AFRIKANERS

*Dutch language acquisition for South Africans*

### **Nederlandse taalverwerving voor Zuid-Afrikanen**

VIR DIE DRIE TALE GEBRUIK ONS DIE VOLGENDE KONVENSIES OP DIE AANLYN PORTAAL EN DAAROM HOU ONS OOK DAARBY IN DIE ROETEKART (“MAP”):

*For the three languages we use the following conventions on the online portal and therefore we stick to this principle in the course route (“map”):*

**De drie talen worden aangegeven door middel van de volgende principe in de online platform en daarom volgen wij dezelfde principe ook in de cursusmap:**

AFRIKAANS: HOOFLETTERS / CAPITAL LETTERS / HOOFDLETTERS

*Engels / English: skuinsdruk / italics / schuingedrukt*

**Nederlands / Dutch: vetdruk / bold / vetgedrukt**

## KURSUSOORSIG/

### *Course overview/*

### **Overzicht van de cursus**

HIERDIE DOKUMENT VERTEL JOU HOE DIE AANLYNKURSUS OPGESTEL IS. DIT IS 'N ROETEKART EN VERDUIDELIK DIE KURSUSSTRUKTUUR EN HOE JY JOU WERK MOET STRUKTUREER OM TYDIG DEUR DIE KURSUSMATERIAAL TE KOM. DIE DOKUMENT IS BESKIKBAAR IN AFRIKAANS, ENGELS EN NEDERLANDS; 3 VERSKILLENDE DOKUMENTE VANAF BLADSY 3 IN DIE "MAP".

*This document tells you how the online course has been compiled. It is a roadmap explaining the course structure and how you must structure your work to complete the course material in time. The document is available in Afrikaans, English and Dutch; 3 different documents from page 3 in the "map".*

**De volgende informatie verduidelijkt hoe de onlinecursus is opgesteld. Het is een gestructureerde routekaart die het traject aangeeft dat je moet afleggen om op tijd de cursusinhoud te kunnen voltooien. Deze informatie is in het Afrikaans, Engels en Nederlands beschikbaar; 3 verschillende documenten vanaf pagina 3 in deze "map".**

AL DIE **ASSESSERINGSTAKE** WORD IN **ROOI** AANGEDUI EN ALLES WAT MET **KLANK OF UITSPRAAK** TE MAKE HET, VERSKYN IN **GROEN**.

NEEM KENNIS:

ENIGE AKADEMIESE WANPRAKTYK / PLAGIAAT IN TERME VAN OPDRAGTE EN DIE EINDTOETS IMPLISEER DAT DIE STUDENT NIE VERDER TOEGANG HET TOT DIE KURSUSINHOUD NIE EN GEEN PUNTE WORD DUS VERDER TOEGEKEN NIE.

*All the **assessment assignments** are indicated in **red** and all assignments and teaching that involves **sound or pronunciation** appears in **green**.*

*Take note:*

*Any academic misconduct / plagiarism in terms of assignments or the final assessment implies that the student will not have further access to the course content and no marks will be awarded to any further assignments.*

**Alle opdrachten die te maken hebben met **evaluatie**, worden in **rood** aangegeven en alles wat met **klank of uitspraak** te maken heeft, wordt gemeldt in **groen**.**

**Let op:**


**Enige academisch wanpraktijk / plagiaat in terme van opdrachten en de eindtoets houdt in dat de student niet verder deelnamen heeft tot de cursusaanbod en geen punten worden inmiddels verwerfen.**

# 1. WELKOM

BESTE STUDENT,

NA AFLOOP VAN DIE KURSUS (14 FORMELE AFDELINGS) EN DIE KONTINUE ASSESSERINGS, SAL JY GENOEG VAARDIGHEID EN KENNIS RAKENDE NEDERLANDS VERWERF HET OM DIE JAARLIKSE INTERNASIONALE EKSAMEN VIR NEDERLANDS AS VREEMDETAAL (**CNaVT**) OP VLAK A2 EN/OF VLAK B1 TE KAN SKRYF EN KAN SLAAG. DIE KURSUSMATERIAAL IS OPGESTEL OM JOU TE BEMAGTIG OM VERDER SELFSTANDIG TE WERK (VERAL TE LEES!) OM JOU VAARDIGHEID IN NEDERLANDS TE VERBETER. MENSE SOOS JY, WAT 'N VOORKENNIS VAN AFRIKAANS HET, HET 'N BEPAALDE VOORDEEL WANNEER JULLE NEDERLANDS AANLEER, WANT RUIM 60% VAN DIE WOORDESKAT IN AFRIKAANS EN NEDERLANDS IS DIESELFDE.

TERWYL DIE KURSUSREGISTRASIE AFGEHANDEL WORD EN VOOR JY MET AFDELING 1 BEGIN, MOET JY ASB. REEDS BEGIN MET DIE ERVARING OM 'N NUWE TAAL AAN TE LEER – EN IN DIÉ GEVAL, NEDERLANDS.

DIE IKONE, BV.  WAT IN DIE KURSUS VOORKOM, WORD KONTINU IN DIE KURSUSMATERIAAL GEBRUIK SODAT JY MAKLIK KAN SIEN WATTER ASPEKTE BYVOORBEELD MET ASSESSERING, UITSPRAAK, MUSIEK, ENS. TE MAKE HET.


## 1.1 HOE OM NEDERLANDS TE LEER PRAAT

KRY 'N LEEFSTYL WAT NEDERLANDS ADEM!


MAAK SEKER JY KRY SOVEEL MOONTLIKE BLOOTSTELLING AAN NEDERLANDS BUITE DIE GRENSE VAN DIE NEDERLANDE WAAR DIE TAAL AS HUISTAAL GEBRUIK WORD, DEUR DIE VOLGENDE TE DOEN:

1. STEL NOU REEDS JOU SELFOON (**GSM / Mobieltje** IN NEDERLANDS) SE TAALFUNKSIE OP NEDERLANDS (**Dutch**). IN PLAAS VAN “*Message*” OF “*Mute*” IN ENGELS SAL JOU FOON SE FUNKSIETAAL NOU **Bericht** EN **Stille meldingen** AANDUI EN DIÉ BETEKENIS IS AFLEIBAAR VIR MENSE MET 'N VOORKENNIS VAN AFRIKAANS. SODOENDE BREI JY DAAGLIKS SONDER INSPANNING JOU WOORDESKAT UIT.

2. GEBRUIK DIE GPS OP JOU SELFOON IN NEDERLANDS SELFS AL STAP OF RY JY NA PLEKKE WAARVAN JY DIE AANWYSINGS GOED KEN. JY SAL HEELWAT UITSPRAAKKOMPETENSIE EN WOORDESKAT VERWERF AS JOU GPS BYVOORBEELD AANDUI: “**Over drie meter, bij de rotonde, links afslaan**”.



3. LAAI DIE  KURSUSMUSIEK AF OP 'N GEHEUESTOKKIE OF CD SODAT JY IN JOU MOTOR OF WANNEER JY TUIS DOENIG IS NA DIE MUSIEK KAN LUISTER. AS 'N MENS MINSTENS TWEE KEER NA DIE MUSIEK MET DIE TEKS (LIRIEK) LUISTER, VOORDAT JY DIT NET SOOS ALLE ANDER MUSIEK NET IN OUDIO-FORMAAT GENIET, WORD DIT BAIE MAKLIK OM LATER SPONTAAN JOU ORE IN TE STEM OP DIE NUWE KLANKE VAN VERSKEIE SANGERS OF SPREKERS. JY SAL GOU GENOEG AGTERKOM VAN WATTER KUNSTENAARS JY HOU, SODAT JY NOG VAN HUL MUSIEK AANLYN KAN GAAN AANKOOP OF OPSOEK.

4. LAAI GRATIS TOEPASSINGS (APPS) OP “*Playstore*” VIR JOU SELFOON IN NEDERLANDS AF WAARMEE JY DIE NUUS KAN VOLG EN DIE WEERVOORSPELLING KAN SIEN OF BYBEL KAN LEES. MET SULKE KONTINUE BLOOTSTELLING IN JOU DAAGLIKSE LEWE SAL DIT MOONTLIK WEES DAT JY BAIE GOU AAN DIE IDIOMATIESE UITDRUKKINGS GEWOOND RAAK OMDAT JY REEDS INHOUDELIK GROOTLIKS VERTROUD IS MET BV. WEERVOORSPELLINGS, NASIONALE EN INTERNASIONALE NUUS EN WAARHEDE UIT BYVOORBEELD DIE BYBELBOEK, SPREUKE. NOU HOOR EN LEES JY DIT NET IN NEDERLANDS.



5. KYK SOVEEL MOONTLIK NA  NEDERLANDSTALIGE FILMS (MET ONDESKRIFTE IN ENGELS OF NEDERLANDS), BYVOORBEELD UIT DIE LYS TITELS IN DIE KURSUS. KYK NA NEDERLANDSTALIGE TV-PROGRAMME OP KANAAL 431 (**BVN – Beste van Vlaandere en Nederland**) OP *DStv* / *NETFLIX*, ENSOVOORTS. SULKE GREPE ONTSPANNING IN 'N VREEMDETAAL BETEKEN BLOOTSTELLING WAARBY JOU UITSPRAAK EN WOORDESKAT SAL BAAT. UITSPRAAK EN WOORDESKAT WORD WEL OOK KONTINU EN NA AFLOOP VAN DIE 14 AFDELINGS **GEASSESEER** SOOS DIE KURSUSKALENDER OOK AANDUI.



6. BELÊ IN DIE AANKOOP VAN 'N AANLYN- OF PAPIERWOORDEBOEK VIR NEDERLANDS / AFRIKAANS, BYVOORBEELD (**ANNA**) OF 'N NEDERLANDS / ENGELS WOORDEBOEK (**Van Dale Pocket Woordenboek**). IN DIE INTERNASIONALE EKSAMEN (**CNaVT**) MAG JY OOK JOU EIE PAPIERWOORDEBOEK GEBRUIK TYDENS DIE SKRYFGEDEELTE VAN DIE EKSAMEN.


## 1.2 BELANGRIKE VERSKILLE TUSSEN AFRIKAANS EN NEDERLANDS

DIE SPELLINGSVERSKILLE  EN DIE UITSPRAAKVERSKILLE  TUSSEN NEDERLANDS EN AFRIKAANS LAAT NEDERLANDS OP DIE OOG AF LYK NA 'N TOTAAL ANDER TAAL, MAAR AS JY DIE PATROONMATIGE VERSKILLE TUSSEN AFRIKAANS EN NEDERLANDS, WAT SPELLING EN OOK UITSPRAAK BETREF, LEER KEN, LEES JY BAIE VINNIG NEDERLANDS MET GROTER GEMAK.

VOORBEELDE VAN SULKE SPELLINGVERSKILLE IS DIE WOORDE **blauw, zoen** EN **politie** WAT IN AFRIKAANS EN ENGELS ONDERSKEIDELIK BLOU/blue, SOEN/kiss EN POLISIE/police IS. JY SAL IN DIE SPELLINGSAFDELING (KURSUSBOEKRAK) BEWUS GEMAAK WORD VAN DIE PATROONMATIGE WISSELING VAN DIE -auw IN NEDERLANDS MET -OU IN AFRIKAANS EN DIE -z IN NEDERLANDS MET DIE -S IN AFRIKAANS ASOOK DIE -tie IN NEDERLANDS EN DIE -SIE IN AFRIKAANS. SODRA JY HIERVAN BEWUS IS, VAL 'N GROOT DEEL VAN DIE VREEMDHEID TUSSEN AFRIKAANS EN NEDERLANDS WEG.

UITSpraak  IS NOODWENDIG OOK ANDERS EN IN DIÉ VERBAND IS DAAR IN DIE LUISTER/SPRAAKAFDELING  HEELWAT HULP EN OEFENINGE (WAT OPBOU IN KOMPLEKSITEIT) OM JOU TE HELP OM JOU OOR (KLANK) EN OOG (TEKS) TE “VERSOEN”.

DAAR SAL IN DIE KURSUS NATUURLIK OOK NUWE WOORDESKAT  VERWERF WORD EN JY SAL KENNIS NEEM VAN DIE GRAMMATIKALE VERSKILLE  TUSSEN AFRIKAANS EN NEDERLANDS IN DIE GRAMMATIKA-OORSIG – VERAL WAT BETREF ASPEKTE SOOS DIE LIDWOORDGEBRUIK (DIE EN 'N VS. De, het EN EEN) EN VOORNAAMWOORDGEBRUIK (EK EN MY VS. ik EN mij, ENS.).

VERAL DIE NEDERLANDSE WERKWOORDSISTEEM VERSKIL BAIE VAN DIE AFRIKAANSE EN HIEROOR GEE DIE GRAMMATIKAGIDS OOK LEIDING. DAAR IS IN DIE  BOEKRAK: GRAMMATIKA-OORSIG, ASOOK 'N OPSOMMING VAN DIE WERKWOORDSISTEEM.

### 1.3 WIE BEHOORT VIR DIE KURSUS IN NEDERLANDS TE REGISTRER?

HIERDIE KURSUS IS SAAMGESTEL VIR SUID-AFRIKANERS (MET 'N VOORKENNIS VAN AFRIKAANS) WAT WIL LEER NEDERLANDS PRAAT. KANDIDATE WAT DIE KURSUS SUKSESVOL VOLTOOI HET, SAL OP GROND VAN HUL SUKSES KAN AANSOEK DOEN OM DIE **CNaVT** (INTERNASIONALE EKSAMEN VIR NEDERLANDS AS VREEMDETAAL) TE SKRYF. DOEN NAVRAAG BY DIE KURSUSORGANISEERDER OF FASILITEERDER (DOSENT) OF OP DIE WEBBLAD VAN DIE CNaVT: <http://cnavt.org/>. JY KAN OOK DIE WEBBLAD VAN DIE NEDERLANDSE TAALUNIE GEBRUIK VIR MEER INLIGTING: <http://taalunie.org/> OF <http://taalunieversum.org/inhoud/cnavt>.

WIL JY MEER WEET?

<http://www.nederlandoefenen.be>

<http://www.nedbox.be>

<http://users.telenet.be/orandago/nlintro.html>

AANLYNSKRYFHULP OM GRAMMATIKA EN SPELLING GRATIS TE KONTROLEER:

<http://schrijffassistent.be>

GRATIS SPELLINGOEFENINGE:

<https://www.cambiumned.nl/oefenen/spelling/>

## 2. FORMAAT

DIE VOLLEDIGE AANLYN KURSUS WORD GEORGANISEER IN 14 AFDELINGS. IN DIE VEERTIENDE AFDELING WORD DIE FINALE ASSESSERING GEDOEN.

BY ELKE UNIVERSITEIT, WAT VAN DIE AANLYN KURSUSMATERIAAL GEBRUIK MAAK, MAG ANDER DATUMS GELD SOOS DEUR DIE DOSENT OF FASILITEERDER BEPAAL.

DIE WERK VAN ELKE AFDELING MOET EERS GEDOEN WORD VOORDAT JY NA 'N VOLGENDE AFDELING SE WERK KAN VORDER. DIE KURSUS OF VOLGENDE AFDELING SAL GESLUIT BLY AS AL DIE OEFENINGE NIE VOLLEDIG VOLTOOI IS EN AFGEMERK OP DIE KONTROLELYS IS NIE.

SELFSTUDIEVRAE MET MEMORANDA MAAK DEEL UIT VAN DIE KURSUSOPBOU IN TIEN VAN DIE AFDELINGS (AFDELINGS 4 – 13). JY KAN DIE MEMORANDA IN ALLE GEVALLE RAADPLEEG NADAT JY SELF DIE BEPAALDE OPDRAGTE PROBEER DOEN HET. JY MOET DIE VAARDIGHEDE EN KENNIS WAT JY HIER VERWERF, KAN TOEPAS OP ONGESIENE TEKSTE IN DIE EINDASSESSERING SE SKRIFTELIKE GEDEELTE.

DAAR WORD VANAF AFDELING 4 DIESELFDE FORMAAT GEBRUIK: TIEN TEKSTE OOR DORPE EN STEDE UIT BELGIË EN NEDERLAND WORD GEBRUIK OM JOU TE BEGELEI IN DIE VERWERWING VAN DIE NODIGE GRAMMATIKAKENNIS. DIE FORMAAT WAT GEBRUIK WORD, IS:



- TEKS:  BEGRIP EN WOORDESKAT IN NEDERLANDS (TIEN TEKSTE EN OEFENINGE / TOETSE MET MEMORANDA)
- TEKS:  GRAMMATIKA IN NEDERLANDS (TIEN TEKSTE EN OEFENINGE / TOETSE MET MEMORANDA)

HIERDIE FORMAAT (TEKS, VRAE OOR BEGRIP, WOORDESKAT EN GRAMMATIKA) WORD GEBRUIK VIR EEN DEEL VAN DIE FINALE SKRIFTELIKE ASSESSERINGSSTOETS SAAM DIE ONGESIENE VERTALING UIT NEDERLANDS .



DAAR IS IN ELKE AFDELING (AFDELING 4 – 13):

GRAMMATIKA-OEFENINGE,  
BEGRIPSOEFENINGE, EN

SELFSTUDIESPREEKOEFFENINGE  WAARDEUR DIE KORREKTE UITSPRAAK GEOEFEN KAN WORD MET BEHULP VAN DIE GRATIS TOEPASSING  ACAPELABOX OP GOOGLE. (STUDENTE KAN NOODWENDIG OOK ANDER TOEPASSINGS GEBRUIK EN KLANKBORD MET HUL TUTOR.)

DIE OEFENINGE IN ELKE AFDELING MOET VOLTOOI WORD ALVORENS STUDENTE KAN VOORTGAAN NA DIE VOLGENDE AFDELING.




DAAR IS LUISTER- / UITSPRAAKOEFENINGE WAARIN DIALOOG GEOEFEN WORD, IN AFDELINGS 4 – 9.

HANDIG DIE LAASTE DIALOOG E (AFDELING 9) IN AS DEEL VAN JOU **ASSESSERING**. SLEGS MP3 FORMAAT WORD TOEGELAAT. VOEG JOU NAAM, STUDENTENOMMER EN OPDRAGDETAIL IN, BYVOORBEELD, "Mieke de Wachter 2020393415 dialoog E.doc".

EENMALIGE OPDRAGTE:



'N **FILMRESEPSIE**  WAT IN AFDELING 10 INGEDIEN WORD, VEREIS DAT JY NA MINSTENS TWEE FILMS IN DIE AANBEVOLE LYS MOET KYK. TREE EERS MET DIE DOSENT IN VERBINDING VOORDAT JY AANMELD VIR DIE FILMOPDRAG. DAAR IS OOK 'N TYDSBEPERKING OP DIE INHANDIGING OP 'N VASTE DAG EN TYD.

DIE DOSENT OF FASILITEERDER MAG BESLUIT OM VIA *Zoom / Teams / Skype* OF ENIGE ANDER PLATFORM 'N AANLYN GESPREK MET DIE STUDENT OOR DIE FILM TE VOER VOORDAT 'N FINALE PUNT TOEGEKEN WORD.

LET DAAROP DAT DIE RESEPSIE NIE 'N FILMRESENSIE IS NIE, MAAR JOU PERSOONLIKE BELEWENIS VAN TWEE FILMS IN JOU EIE WOORDE IS TER SAKE. JY SAL SPESIFIEKE VRAE ONTVANG OM TE BEANTWOORD OOR DIE TWEE FILMS (UIT DIE LYS) WAT JY GEKIES HET VIR JOU VERSLAG.



'N **MONDELINGE VERSLAG OP VIDEO** OOR ENIGEEN VAN DIE STEDE WAT IN DIE KURSUS GEBRUIK WORD, MOET IN AFDELING 13 INGEDIEN WORD. PERTINENTE DINGE OOR DIE DORP OF STAD AS TOERISTIESE AANTREKLIKHEID MOET VERMELD WORD.



'N **VERTALINGSOEFENING** MOET INGEHANDIG WORD IN AFDELING 8. DAAR IS MEER AS EEN OPSIE.



DIE **FINALE ASSESSERINGSTOETS** WORD IN AFDELING 14 GESKRYF EN SLUIT GRAMMATIKAVRAE EN 'N VERTALING VAN 'N ONGESIENE NEDERLANDSE TEKS IN. DIE TOETS DUUR TWEE URE EN JY MOET DRIE DAE VOORAF MET DIE DOSENT REËL OM DIE TOETS OP 'N SEKERE DAG EN TYD AF TE LÊ GEDURENDE AFDELING 14 (KURSUSKEDULE).



IN DIE KONTROLELYS WORD DAAR WEEKLIKS AFGEMERK WATTER OPDRAGTE VOLTOOI MOET WORD OM TYDIG TE KAN AANMELD VIR DIE SKIFTELIKE EINDTOETS IN AFDELING 14 (KURSUSKEDULE).

## 2.1. ONDERSTEUNINGSMATERIAAL

ONDERSTEUNINGSMATERIAAL KAN EN MOET KONTINU GEBRUIK WORD WAAR DIT AANGEDUI WORD VIR DIE ASSESSERINGS IN DIE KURSUSKEDULE 🔄:

-  **MUSIEK:** TEKS, OUDIO- EN OOPSINOEFENINGE OM TE OEFEN IS DEEL VAN KONTINUE **ASSESSERING** IN DIE VERSKILLENDE AFDELINGS WAT JY KONTINU ELKE WEEK MOET VOLTOOI.
-   **FILMS:** 'N LYS VAN TITELS TER OORWEGING IS INGESLUIT. KYK WEL MINSTENS TWEE NEDERLANDSTALIGE FILMS UIT DIE LYS VIR DIE  **FILMSKRYFOPDRAG** IN AFDELING 10: SKRYF JOU RESEPSIE (ANTWOORDE WORD VEREIS OP VRAE OOR JOU TWEE GEKOSE FILMS) IN NEDERLANDS NEER IN SOWAT 400 WOORDE. ANTWOORD DIE SPESIFIEKE VRAE WANNEER JY OP DIE AFGESPREEKTE DATUM EN TYD AANMELD VIR DIE FILMOPDRAG.
-   **KLANKE:** AFDELING 2: OEFEN DIT KONTINU OM JOU UITSPRAAK TE VERBETER.
-  **DIALOGTEMPLATE (TEKS- EN OUDIO-DIALOOG):** OEFEN DIT MET 'N VRIEND OF TUTOR (OF DIE FASILITEERDER) TER VOORBEREIDING VAN DIE **MONDELING EN UITSPRAAKTOETSE**.
-  **BLOKKIESRAAISELS:** DIEN DRIE BLOKRAAISELS IN AFDELING 3 IN VIR **ASSESSERING** OM JOU WOORDESKAT TE TOETS. DAAR IS MEER MET 'N MEMORANDUM SODAT JY KAN OEFEN EN OM JOU WOORDESKAT UIT TE BREI.
-  **GRAPPIES:** TEKS, OUDIO-WEERGAWE EN VISUELE HULP: DEEL VAN AFDELING 3 SE **ASSESSERING**.
-  **LANDESKUNDE** DVD'S OOR NEDERLAND EN BELGIË: GEBRUIK DIE MATERIAAL OP DIE MOODLE PORTAAL DEURGAANS EN AS INHOUDELIKE AGTERGROND VIR JOU **MONDELING** (VIDEO) (AFDELING 13).

- 
 LEGKAARTE: HOE LYK DIE STEDE IN NEDERLAND EN BELGIË? GEBRUIK DIE INTERAKTIEWE LEGKAARTE EN DIE DVD'S AS HULP VIR BOGENOEMDE **MONDELING-OPDRAG** IN AFDELING 13: VERTEL IN 400 WOORDE IN NEDERLANDS ('N VIDEO-OPNAME WORD VEREIS EN NIE NET 'N STEMOPNAME NIE) OOR 'N BEPAALDE PLEK IN NEDERLAND EN/OF BELGIË WAT JY GRAAG WIL BESOEK. GEBRUIK DIE INLIGTING IN DIE KURSUS AS BASIS. WEES SPESIFIEK IN JOU REDE VIR DIE KEUSE VAN 'N DORP/ STAD. JY MAG NIE DIE AANBIEDING AFLEES NIE.
- 
 WOORDSOEK: SOEK DIE WOORD EN BREI JOU WOORDESKAT UIT.
- PRET MET "ANNA" (BERIG): LEES DIT OM LEKKER SAAM TE LAG. AANLYN KOERANTBERIGTE SAL JOU WOORDESKATKENNIS UITBREI.
- 
**ACAPELABOX: LUISTER NA JOU EIE GESKREWE TEKS OM DIE KORREKTE UITSPRAAK IN NEDERLANDS TE HOOR. GEBRUIK DIT DAARNA OM ELK VAN DIE SPREEKOEFFENINGOPDRAGTE OOR DIE VERSKILLENDE STEDE EN DORPE VAN AFDELINGS 4 – 13 OP TE NEEM EN IN TE DIEN IN MP3 FORMAAT.**
- SLUIT ALTYD JOU NAAM, STUDENTENOMMER EN OPDRAGTIPE IN DIE NAAM IN, BV. "Mieke de Wachter 2020393245 uitspraak.doc".
- 
 OEFENVERTALINGS: DOEN EEN VAN DIE DRIE OEFENVERTALINGS UIT NEDERLANDS NA AFRIKAANS / ENGELS. KONTROLEER DIE ANTWOORD MET BEHULP VAN DIE MEMORANDA. 'N VERTALING VAN 'N ONGESIENE TEKS VORM DEEL VAN DIE EINDTOETS.
- 
**KONTAKONTMOETINGS: DAAR IS VIER KONTAKONTMOETINGS MET JOU DOSENT OF FASILITEERDER SOOS AANGEDUI IN DIE KURSUSKEDULE (AFDELINGS 3, 7, 9 EN 12).**

## 2.2. GRAMMATIKA-OORSIG: BOEKRAK

MERK OF TEKEN IN JOU EIE WERKBOEK PER AFDELING TWEE NUWE TAALREËLS UIT DIE GRAMMATIKA-OORSIG AAN WAT JY SELF GEKONTROLEER HET AS DIE REDE VIR DIE ANTWOORD OP VAN DIE VRAE IN DIE TOETSE VANAF AFDELINGS 4 – 13. DIE ANTWOORDE OP DIE TOETSE WORD VERSKAF NADAT JY DIT GEDOEN HET, MAAR JY MOET EERS PROBEER OM UIT DIE GRAMMATIKA-OORSIG (OF ANDER AANBEVOLE BRONNE IN DIE BRONNELYS) DIE REDE / MOTIVERING VIR DIE ANTWOORD TE VIND. DIT SAL JOU HELP OM DIE STRUKTUUR VAN DIE NEDERLANDSE GRAMMATIKA GOED GENOEG TE VERSTAAN OM JOUSELF VERDER TE KAN BEMAGTIG VOOR JY AANBEWEEG NA DIE VOLGENDE AFDELING.

JY HET DIE GRAMMATIKAKENNIS NODIG OM DIE EINDTOETS EN/OF CNaVT TE KAN SKRYF.

VRAE EN TEKSTE SOORTGELYK AAN DIÉ WAT JY ELKE WEEK SAL TEËKOM, SAL IN DIE EINDTOETS VIR DIE FINALE SKRIFTELIKE ASSESSERING GEBRUIK WORD. DIE TEKS VAN DIE EINDTOETS IS 'N ONGESIENE TEKS. JY SAL JOU GRAMMATIKAKENNIS (AFDELINGS 4 – 13) DAN OP 'N ONGESIENE TEKS MOET KAN TOEPAS.

NAAS DIE VRAE SOORTGELYK AAN DIE WEEKLIKSE TOETSE, IS DAAR OOK 'N ONGESIENE VERTALING UIT NEDERLANDS NA IDIOMATIESE AFRIKAANS OF ENGELS IN DIE EINDTOETS, DAAROM IS SOVEEL MOONTLIK BLOOTSTELLING AAN DIE NEDERLANDSE TAAL SO BELANGRIK. LEES VERAL SOVEEL MOONTLIK.



DIE BOEKRAK BEVAT DIE VOLLEDIGE GRAMMATIKAGIDS MET:

- SPELLINGVERSKILLE TUSSEN NEDERLANDS EN AFRIKAANS (OOK DEEL VAN ELKE AFDELING SE WERK, ASOOK VIR DIE FINALE ASSESSERING)
- WOORDESKATLYS
- KRIPTIESE OPSOMMING VAN DIE WERKWOORDSTRUKTUUR MET:
  - WERKWOORDLYS
  - WERKWOORDSTRUKTUUR
  - WERKWOORDVERVOEGINGS
- LIDWOORDE
- VOORNAAMWOORDE
- VERBUIGING VAN DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORD
- BRONNELYS

### 3. KURSUSKEDULE 🔄


INGEDEEL VOLGENS AFDELINGS. DIE DATUMS VAN ELKE INSTANSIE WAT VAN DIE AANLYN MATERIAAL GEBRUIK MAAK, MAG VERSKIL. DIE KURSUS DUUR EGTER NORMAALWEG 14 WEKE MET 2 KONTAKSESSIES PER WEEK, OF SEWE WEKE LANK MET 4 KONTAKSESSIES PER WEEK OF VOLLEDIG AANLYN MET 4 GESKEDULEERDE AANLYN TERUGVOERSESSIES (KURSUSKEDULE).

DIE KURSUS IS SO OPGESTEL DAT JY NIE KAN VOORTGAAN MET 'N VOLGENDE AFDELING INDIEN JY NIE DIE VORIGE AFDELING SE WERK VOLTOOI EN INGEDIEN HET NIE.

#### AFDELING 1: SPELLING

GAAN VOORT MET 'N TALIGE LEEFSTYL IN NEDERLANDS SOOS IN DIÉ DOKUMENT VOORGESTEL IS. LEES IN JOU  BOEKRAK DEUR DIE SPELLINGVERSKILLE TUSSEN NEDERLANDS EN AFRIKAANS SODAT NEDERLANDS VIR JOU AL MINDER VREEMD SAL LYK OMDAT JY REEDS VOORKENNIS VAN AFRIKAANS HET. MERK DAN IN AL DIE TEKSTE WAT JY VANAF DIÉ WEEK LEES DIE PATROONMATIGE SPELLINGVERSKILLE MET AFRIKAANS, BV. **z** VS. **s** (**zomer, zondag**), **au** VS. **ou** (**blauw, gauw**).

'N ENKELE GRAMMATIKAREËL PER AFDELING: AFDELING 1:


HET EN IS IN AFRIKAANS: **hebben** EN **zijn** IN NEDERLANDS. LEES DIE ENKELE PARAGRAFIE IN DIE  BOEKRAK OM DIE VERSKIL TUSSEN BV. DIE VORM VAN DIE WERKWOORD IN DIE ENKELVOUD EN MEERVOUD TE SIEN. SOEK DAN VOORTAAN NA **hebben** EN **zijn** IN DIE KURSUSTEKSTE EN VERAL IN DIE MUSIEKTEKSTE EN GRAPPIETEKSTE OM DIE REËL SE TOEPASSING TE KAN BEMEESTER.

WENK: GAAN NA [www.NedBox.be](http://www.NedBox.be) OM VIDEOS TE KYK OOR "**Leven in België**". KYK NA ENIGE VIDEO EN LUISTER MOOI NA DIE UITSPRAAK VAN DIE NEDERLANDSE TAAL.


<https://www.nedbox.be/thema/leven-belgie>

WANNEER JY BY DIE VIDEOLYS IS, GAAN NA DIE REGTERKANTSTE KOLOM EN KIES "*Video*" ONDER "*Mediatype*". KIES "**gemakkelijk**" ONDER **Niveau**. KIES "**spreken**" ONDER **Vaardigheden**. BY AFDELING 1 HOEF NIKS INGEDIEN TE WORD NIE. GAAN VOORT NA AFDELING 2.

## AFDELING 2: KLANK EN UITSPRAAK

OEFEN KLANKE, DAE VAN DIE WEEK, MAANDE VAN DIE JAAR, GETALLE,  GRAPPIETEKSTE. GAAN VOORT MET 'N TALIGE LEEFSTYL IN NEDERLANDS SOOS IN DIÉ DOKUMENT VOORGESTEL.

'N ENKELE GRAMMATIKAREËL PER WEEK: AFDELING 2:

LEES IN DIE  BOEKRAK IN DIE AFDELING OOR LIDWOORDE EN AANWYSENDE VOORNAAMWOORDE MEER OOR DIE WOORDE DIE EN DAARDIE EN HIERDIE IN AFRIKAANS. DAAR IS TWEE OPSIES IN NEDERLANDS: **de, deze, die** OF **het, dit, dat**. WANNEER MOET JY EGTER WATTER VORM (GROEP) GEBRUIK?

RAADPLEEG DIE TER SAKE BLADSYE IN DIE  BOEKRAK!



### UITSPRAAKTOETS IN AFDELING 2

LUISTER EN LEES DEUR DIE KLANKLYS (DAE VAN DIE WEEK, ENS.) EN DIE GRAPPIETEKSTE IN DIE GIDS EN IN DIE OUDIOFORMAAT VAN DIE KURSUS SODAT JY DIE NEDERLANDSE TONGVAL KAN NABOOTS, VERAL OOK WANNEER JY WEEKLIKS AL MEER MUSIEKTEKSTE OOPMAAK EN BELUISTER. DIT IS NOODSAAKLIKE VOORBEREIDING VIR DIE UITSPRAAKLEESTOETS (GRAPPIETEKSTE). HOE MEER JY OEFEN, HOE BETER SAL JOU UITSPRAAK WEES.



LEES ENIGE 3 GRAPPIES OF 2 PARAGRAWE VAN DIE LANG TEKS (**Hoe geef ik mijn kat een pil**) DIREK NA MEKAAR IN (EEN LÊER) EN LAAI IN OUDIO-FORMAAT (MP3 FORMAAT) OP (*submit*). SLUIT JOU NAAM, STUDENTENOMMER EN OPDRAGTIPE IN DIE NAAM IN, BV. "Johkegroen2019 393 275uitspraak.doc"

VOLTOOI DIE **ASSESSERING (UITSPRAAKTOETS) EN LAAI DIT OP** VOORDAT JY AANBEWEEG NA AFDELING 3.

## AFDELING 3: WOORDESKAT


LEES DIE "PRET MET ANNA"-BERIG AS AGTERGROND VOOR JY BEGIN WOORDESKAT LEER EN GAAN VOORT MET 'N TALIGE LEEFSTYL IN NEDERLANDS SOOS IN DIÉ DOKUMENT VOORGESTEL.



### WOORDESKATTOETS IN AFDELING 3

LEES DEUR DIE WOORDESKATLYS IN DIE KURSUS EN MERK VERAL DIE WOORDE WAT OOK MET JOU VOORKENNIS VAN AFRIKAANS VIR JOU VREEMD IS. DIT SLUIT WOORDE SOOS **aaien** (STREEL), **laarzen** (STEWELS) **zeuren** (OM TE KLA) IN. OP BASIS VAN DIE WOORDESKATLYS SAL JY DIE WOORDESKATTOETS (BLOKKIESRAAISELS) MOET DOEN. DAAR IS OOK WOORDSOEKSPLETJIES TER VOORBEREIDING VAN DIE BLOKKIESRAAISELTOETS WAT JOU WOORDESKATKENNIS GAAN EVALUEER. DIT IS GOEIE PRAKTYK OM SOOS WAT JY WEEKLIKS FILMS KYK, VIDEO-MATERIAAL IN DIE KURSUS RAADPLEEG EN NUWE MUSIEKTEKSTE BELUISTER, BY ELKE TEKS MINSTENS VYF NUWE WOORDE NEER TE SKRYF, WANT JY MAG DIT WEER TEËKOM IN DIE ONGESIENE VERTALING UIT NEDERLANDS IN DIE SKRIFTELIKE EINDTOETS.

'N ENKELE GRAMMATIKAREËL PER AFDELING: AFDELING 3:

LEES IN DIE  BOEKRAK: GRAMMATIKAGIDS ONDER DIE AFDELING VOORNAAMWOORDE NET DIE PARAGRAAF OOR PERSOONLIKE (EK EN MY, ENS.) EN BETREKLIKE VOORNAAMWOORDE (WAT IN AFRIKAANS) EN MERK NET DIT WAT VIR JOU ANDERS AS IN AFRIKAANS WERK. MERK NOU VOORTAAN IN AL DIE LIEDJIES EN TEKSTE IN DIE KURSUS (AFDELING 3 – 14) OOK DIE BETREKLIKE EN PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE SODAT JY DIE REËLS SELF GEMAKLIK KAN TOEPAS VANAF AFDELING 4.



DIE BLOKRAAISELS VIR WOORDESKATVERWERWING IS GESKOEI OP **Oranje Boven** EN **Van Dale** AANLEERDERSWOORDEBOEK. **VOLTOOI EN DIEN DRIE BLOKKIESRAAISELS IN VIR ASSESSERING** .

SLUIT JOU NAAM, STUDENTENOMMER EN OPDRAGTIPE IN, BV. “Mieke de Wachter 2020393245 Blokraaisel1.doc”.

LAAI DIT OP VOORDAT JY AANBEWEEG NA AFDELING 4



### KONTAKONTMOETING

AANLYN KONTAKSESSIE MET JOU DOSENT OF FASILITEERDER OP 'N VASGESTELDE TYD EN DATUM SOOS OOREENGEKOM, IS BELANGRIK VOORDAT JY AANBEWEEG NA AFDELING 4.



#### AFDELING 4: AMSTERDAM

AMSTERDAMTEKS: WOORDESKAT EN BEGRIP, EN MEMORANDUM

AMSTERDAMTEKS: GRAMMATIKA

DOEN DIE **GRAMMATIKATOETS**. DOEN EERS DIE TOETS SELF; GEBRUIK DAN DIE GRAMMATIKA-OORSIG EN KONTROLEER DIT TEEN DIE MEMORANDUM. DIE **WOORDESKAT-EN BEGRIPSTOETS** (MET MEMORANDUM) IS OOK VIR OEFENING EN SELFSTUDIE.

HIERDIE AFDELING SE DEEL OOR AMSTERDAM WORD NIE INGEHANDIG NIE.

#### SELFSTUDIE:



GRAMMATIKA-OORSIG: MERK OF TEKEN IN JOU EIE WERKBOEK TWEE NUWE TAALREËLS UIT DIE GRAMMATIKA-OORSIG AAN WAT JY GEKONTROLEER HET AS DIE REDE VIR DIE ANTWOORDE OP VAN DIE VRAE IN AFDELING 4.

KYK OOK NA DIE WERKWOORD SE VORM IN DIE **presens** (TEENWOORDIGE TYD). HOE VERVOEG DIE WERKWOORD IN NEDERLANDS IN DIE TEENWOORDIGE TYD? DINK AAN DIE SOORTGELYKE VERSKILLE OOK IN ENGELS (BV. *I drink coffee / He drinks coffee*).



MUSIEK (AUDIO, LIRIEK EN OEFENING) VAN EIE KEUSE UIT DIE LYS ONDERSTEUNINGSMATERIAAL.



SPREEKOEFENING PER AFDELING MET "ACAPELABOX" 

LEES DIE TWEE TEKSTE VAN AFDELING 4 OOR AMSTERDAM EN SKRYF TWEE SINNE NEER WAARIN JY MOTIVEER WAAROM JY AMSTERDAM WIL BESOEK. KONTROLEER DIE GRAMMATIKABEGINSELS IN JOU GRAMMATIKAGIDS.

GOOGLE ACAPELABOX <http://www.acapela-group.com/voices/demo/>. PLAK DIE TEKS WAT JY GESKRYF HET DAARIN OM DIE UITSPRAAK TE KONTROLEER.

NEEM DIE VOLGENDE TWEE SINNE (REDES) MET JOU EIE STEM IN AUDIOFORMAAT (SLEGS MP3 FORMAAT) OP EN DIEN DIT AAN DIE EINDE VAN DIE WEEK VIR **ASSESSERING** IN.

FORMAAT:

"IK WIL GRAAG NAAR \_\_\_\_\_ OP BEZOEK GAAN WANT \_\_\_\_\_."

"IK HEB GROOT INTERESSEN OM \_\_\_\_\_."

SLUIT JOU NAAM, STUDENTENOMMER EN OPDRAGTIPE IN, BV. "Mieke de Wachter 2020393245 Amsterdam.doc".



BOU EEN OF MEER VAN DIE LEGKAARTE OM TE SIEN HOE DIE VERSKILLENDE STEDE LYK. DIE LEGKAARTE WORD NIE INGEHANDIG NIE.



## LUISTER- / UITSpraakOEFENING:

### NEEM TEKSDIALOG A OP EN DIEN DIT IN

SLUIT JOU NAAM, STUDENTENOMMER EN OPDRAGTIPE IN, BV. "Mieke de Wachter 2020393245 DialogA.doc".

VOLTOOI DIE **ASSESSERING (SPREEKOEFENING EN TEKSDIALOG A) EN LAAI OP (MP3 FORMAAT)** VOORDAT JY AANBEWEEG NA AFDELING 5.

### AFDELING 5: DELFT


DELFTTEKS: WOORDESKAT EN BEGRIP, EN MEMORANDUM

DELFTTEKS: GRAMMATIKATOETS

DOEN DIE **GRAMMATIKATOETS**. DOEN EERS DIE TOETS SELF; GEBRUIK DAN DIE GRAMMATIKA-OORSIG EN KONTROLEER DIT TEEN DIE MEMORANDUM. DIE **WOORDESKAT-EN BEGRIPSTOETS** (MET MEMORANDUM) IS OOK VIR OEFENING EN SELFSTUDIE.

HIERDIE AFDELING SE DEEL OOR DELFT WORD NIE INGEHANDIG NIE.

### SELFSTUDIE:

 GRAMMATIKA-OORSIG: MERK OF TEKEN IN JOU EIE WERKBOEK TWEE NUWE TAALREËLS UIT DIE GRAMMATIKA-OORSIG AAN WAT JY GEKONTROLEER HET AS DIE REDE VIR DIE ANTWOORDE OP VAN DIE VRAE IN AFDELING 5.

KYK OOK NA DIE WERKWOORDE IN DIE **imperfektum**. HOE VERVOEG DIE WERKWOORD IN NEDERLANDS IN DIE "EENVOUDIGE" VERLEDE TYD? WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN DIE SWAK EN STERK **imperfektum**? WANNEER GEBRUIK ONS DIE **imperfektum**? HOE VERTAAL ONS DIE **imperfektum** NA AFRIKAANS? DINK AAN SOORTGELYKE VERSKILLE IN ENGELS (BV. *go to school every day / I went to school last year*).

RAADPLEEG TEN ALLE TYE DIE WERKWOORDLYS AGTER IN DIE  BOEKRAK!

 MUSIEK (AUDIO, LIRIEK EN OEFENING) VAN EIE KEUSE UIT DIE LYS ONDERSTEUNINGSMATERIAAL.



### SPREEKOEFENING PER AFDELING MET ACAPELABOX



LEES DIE TWEE TEKSTE VAN AFDELING 5 OOR DELFT EN SKRYF TWEE SINNE NEER WAARIN JY MOTIVEER WAAROM JY DELFT WIL BESOEK. KONTROLEER DIE GRAMMATIKABEGINSELS IN JOU GRAMMATIKAGIDS.

GOOGLE ACAPELABOX <http://www.acapela-group.com/voices/demo/>. PLAK DIE TEKS WAT JY GESKRYF HET DAARIN OM DIE UITSPRAAK TE KONTROLEER.

NEEM DIE VOLGENDE TWEE SINNE (REDES) MET JOU EIE STEM IN OUDIOFORMAAT (MP3) OP EN DIEN DIT AAN DIE EINDE VAN DIE AFDELING VIR **ASSESSERING** IN.

FORMAAT:

“IK WIL GRAAG NAAR \_\_\_\_\_ OP BEZOEK GAAN WANT \_\_\_\_\_.”

“IK HEB GROOT INTERESSEN OM \_\_\_\_\_.”

SLUIT JOU NAAM, STUDENTENOMMER EN OPDRAGTIPE IN, BV. “Mieke de Wachter 2020393245 Delft.doc”.



BOU EEN OF MEER VAN DIE LEGKAARTE OM TE SIEN HOE DIE VERSKILLENDE STEDE LYK. DIE LEGKAARTE WORD NIE INGEHANDIG NIE.



LUISTER-/ UITSPRAAKOEFENING:

**NEEM TEKSDIALOOG B OP.**

SLUIT JOU NAAM, STUDENTENOMMER EN OPDRAGTIPE IN, (BV. “Mieke de Wachter 2020393245 DialoogB.doc”)

VOLTOOI DIE **ASSESSERING** (SPREEKOEFFENING EN TEKSDIALOOG B), NEEM OP IN MP3 FORMAAT EN LAAI OP, VOORDAT JY AANBEWEEG NA AFDELING 6.

AFDELING 6: GOUDA

GOUDATEKS: WOORDESKA EN BEGRIP, EN MEMORANDUM

GOUDATEKS: GRAMMATIKATOETS

DOEN DIE **GRAMMATIKATOETS**. DOEN EERS DIE TOETS SELF; GEBRUIK DAN DIE GRAMMATIKA-OORSIG EN KONTROLEER DIT TEEN DIE MEMORANDUM. DIE **WOORDESKAT-EN BEGRIPSTOETS** (MET MEMORANDUM) IS OOK VIR OEFENING EN SELFSTUDIE.

HIERDIE AFDELING SE DEEL OOR GOUDA WORD NIE INGEHANDIG NIE; SELFSTUDIE.

SELFSTUDIE:



GRAMMATIKA-OORSIG: MERK OF TEKEN IN JOU EIE WERKBOEK TWEE NUWE TAALREËLS UIT DIE GRAMMATIKA-OORSIG AAN WAT JY GEKONTROLEER HET AS DIE REDE VIR DIE ANTWOORDE OP VAN DIE VRAE IN AFDEING 6.

KYK OOK NA DIE WERKWOORDE IN DIE **perfektum**. HOE VERVOEG DIE WERKWOORD IN NEDERLANDS IN DIE **perfektum**? WANNEER GEBRUIK ONS DIE **perfektum**? HOE VERTAAL ONS

DIE **perfektum** NA AFRIKAANS? DINK OOK AAN DIE SOORTGELYKE SISTEEM IN ENGELS (BV. *He has spoken to me. / They have eaten the cake.*)

RAADPLEEG TEN ALLE TYE DIE WERKWOORDLYS IN DIE  BOEKRAK!

 **MUSIEK** (AUDIO, LIRIEK EN OEFENING) VAN EIE KEUSE UIT DIE LYS ONDERSTEUNINGSMATERIAAL.

 **SPREEKOEFFENING PER AFDELING MET ACAPELABOX** 

LEES DIE TWEE TEKSTE VAN AFDELING 6 OOR GOUDA EN SKRYF TWEE SINNE NEER WAARIN JY MOTIVEER WAAROM JY GOUDA WIL BESOEK. KONTROLEER DIE GRAMMATIKABEGINSELS IN JOU GRAMMATIKAGIDS.

GOOGLE ACAPELABOX <http://www.acapela-group.com/voices/demo/>. PLAK DIE TEKS WAT JY GESKRYF HET DAARIN OM DIE UITSPRAAK TE KONTROLEER.


NEEM DIE VOLGENDE TWEE SINNE (REDES) MET JOU EIE STEM IN OUDIOFORMAAT (MP3) OP EN DIEN DIT AAN DIE EINDE VAN DIE WEEK VIR **ASSESSERING** IN.

FORMAAT:

“**IK WIL GRAAG NAAR \_\_\_\_\_ OP BEZOEK GAAN WANT \_\_\_\_\_.**”

“**IK HEB GROOT INTERESSEN OM \_\_\_\_\_.**”

SLUIT JOU NAAM, STUDENTENOMMER EN OPDRAGTIPE IN, BV. “Mieke de Wachter 2020393245 Gouda.doc”.

 BOU EEN OF MEER VAN DIE **LEGKAARTE** OM TE SIEN HOE DIE VERSKILLENDE STEDE LYK. DIE **LEGKAARTE** WORD NIE INGEHANDIG NIE.

   **LUISTER-/UITSPRAAKOEFENING:**

**NEEM TEKSDIALOOG C OP.**

SLUIT JOU NAAM, STUDENTENOMMER EN OPDRAGTIPE IN, BV. “Mieke de Wachter 2020393245 DialoogC.doc”.

VOLTOOI DIE **ASSESSERING** (SPREEKOEFFENING EN TEKSDIALOOG C) EN LAAI OP (MP3 FORMAAT) VOORDAT JY AANBEWEEG NA AFDELING 7.

## AFDELING 7: MAASTRICHT


MAASTRICHTTEKS: WOORDESKAT EN BEGRIP, EN MEMORANDUM

MAASTRICHTTEKS: GRAMMATIKATOETS

DOEN DIE **GRAMMATIKATOETS**. DOEN EERS DIE TOETS SELF; GEBRUIK DAN DIE GRAMMATIKA-OORSIG EN KONTROLEER DIT TEEN DIE MEMORANDUM. DIE **WOORDESKAT-EN BEGRIPSTOETS** (MET MEMORANDUM) IS OOK VIR OEFENING EN SELFSTUDIE.

HIERDIE AFDELING SE DEEL OOR MAASTRICHT WORD NIE INGEHANDIG NIE.

### SELFSTUDIE:

 GRAMMATIKA-OORSIG: MERK OF TEKEN IN JOU EIE WERKBOEK TWEE NUWE TAALREËLS UIT DIE GRAMMATIKA-OORSIG AAN WAT JY GEKONTROLEER HET AS DIE REDE VIR DIE ANTWOORDE OP VAN DIE VRAE IN AFDELING 7.

KYK OOK NA DIE WERKWOORDE IN DIE **plusquamperfektum**. HOE VERVOEG DIE WERKWOORD IN NEDERLANDS IN DIE **plusquamperfektum**? WANNEER GEBRUIK ONS DIE **plusquamperfektum**? HOE VERTAAL ONS DIE **plusquamperfektum** NA AFRIKAANS? DINK OOK AAN 'N SOORTGELYKE SISTEEM IN ENGELS.

RAADPLEEG TEN ALLE TYE DIE WERKWOORDLYS IN DIE  BOEKRAK!

 MUSIEK (AUDIO, LIRIEK EN OEFENING) VAN EIE KEUSE UIT DIE LYS ONDERSTEUNINGSMATERIAAL.

 SPREEKOEFENING PER AFDELING MET ACAPELABOX 

LEES DIE TWEE TEKSTE VAN AFDELING 7 OOR MAASTRICHT EN SKRYF TWEE SINNE NEER WAARIN JY MOTIVEER WAAROM JY MAASTRICHT WIL BESOEK. KONTROLEER DIE GRAMMATIKABEGINSELS IN JOU GRAMMATIKAGIDS.

GOOGLE ACAPELABOX <http://www.acapela-group.com/voices/demo/>. PLAK DIE TEKS WAT JY GESKRYF HET DAARIN OM DIE UITSPRAAK TE KONTROLEER.

NEEM DIE VOLGENDE TWEE SINNE (REDES) MET JOU EIE STEM IN AUDIOFORMAAT (MP3) OP EN DIEN DIT AAN DIE EINDE VAN DIE WEEK VIR **ASSESSERING** IN.

FORMAAT:

**“IK WIL GRAAG NAAR \_\_\_\_\_ OP BEZOEK GAAN WANT \_\_\_\_\_.”**

**“IK HEB GROOT INTERESSEN OM \_\_\_\_\_.”**

SLUIT JOU NAAM, STUDENTENOMMER EN OPDRAGTIPE IN, BV. “Mieke de Wachter 2020393245 Maastricht.doc”.



BOU EEN OF MEER VAN DIE LEGKAARTE OM TE SIEN HOE DIE VERSKILLENDE STEDE LYK. DIE LEGKAARTE WORD NIE INGEHANDIG NIE.



LUISTER-/ UITSpraakOEFENING:

NEEM TEKSDIALOOG D OP.

SLUIT JOU NAAM, STUDENTENOMMER EN OPDRAGTIPE IN, BV. "Mieke de Wachter 2020393245 Dialoog D.doc"

VOLTOOI DIE **ASSESSERING** (SPREEKOEFFENING EN TEKSDIALOOG D) EN LAAI OP IN MP3 FORMAAT, VOORDAT JY AANBEWEEG NA AFDELING 8.



KONTAKONTMOETING

AANLYN KONTAKSESSIE MET JOU DOSENT OF FASILITEERDER OP 'N VASGESTELDE TYD EN DATUM SOOS OOREENGEKOM, IS BELANGRIK VOORDAT JY AANBEWEEG NA AFDELING 8.

#### AFDELING 8: ROTTERDAM

ROTTERDAMTEKS: WOORDESKAT EN BEGRIPSTOETS


ROTTERDAMTEKS: GRAMMATIKATOETS

**DOEN DIE GRAMMATIKATOETS EN LAAI DIT OP.** HIER IS DIE MEMORANDUM NIE INGESLUIT NIE. DIE ROTTERDAM-WOORDESKAT- EN BEGRIPSTOETS WORD OOK GEASSESEER EN MOET OOK OPGELAAI WORD.


